LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

11-12-2019

Geagte Ouers en Leerders

OMSENDBRIEF 43 VIR 2018

Ons wens elkeen van u 'n geseënde Kersfees toe en alle voorspoed vir 2019. Gaan rus lekker uit en ry veilig!

1 OUERDAG 2019:

U word almal uitgenooi na ons Ouerdag op Saterdag, 12 Januarie 2019 om 09:00 op die rugbyveld. Ons gasspreker is Dr Gillian Arendse. Na afloop van die praatjie, kan ouers na die onderskeie grade beweeg om die personeel te ontmoet.

2 ATLETIEK DATUMS VIR 2019:

11 Januarie 2019	Emfuleni park – Hoër Volkskool (begin 07:30)
15 Januarie 2019	Christiaan Beyers – Hoër Volkskool
18 Januarie 2019	Fonteine – DP de Villiers
23 Januarie 2019	Emfuleni park en ander – DP de Villiers
31 Januarie 2019	Vryheidsmonument – Weg
12 Februarie 2019	Heidelberg Kampioenskappe – Hoër Volkskool

As gevolg van 'n paar navrae gee ons graag die volgende reëls deur aan u as ouers:
ASA-reëls vir **hoogspring**. Indien 'n atleet wat tans besig is met hoogspring, die item verlaat, om aan 'n baanitem deel te neem geld die volgende reël:

- Nadat die atleet sy baanitem voltooi het en terugkeer na die hoogspring item, moet hy op die huidige hoogte begin deelneem. Die lat mag nie afgeskuif word na die hoogte wat hy mee besig was toe hy die item verlaat het nie. Die lat word slegs afgestel indien atlete gelyk eerste is.
- ***Alle atlete mag slegs in hul huidige ouderdomsgroep deelneem. Geen atleet mag in 'n item deelneem in 'n hoër of laer ouderdomsgroep nie, al is daar nie 'n item vir die atleet nie.***

3 VOLKIE VERE:

Volkie Vere heropen weer op Saterdag, 5 Januarie 2019 vanaf 08:00 tot 13:00.

4 "LOCKERS":

Alle leerders met "lockers" moes dit reeds ontruim het vir 2018.
Die nuwe "lockers" sal vanaf 7 Januarie 2019 beskikbaar wees @ R200 per jaar by Mev. Heléne Botha.

5 MY SCHOOL - KAART:

Onthou om u "My School" -kaart te gebruik in die vakansie!

6 REDENAARS 2019:

Skoolredenaars gaan vroeg in Februarie 2019 wees. Dié wat solank aan hulle toesprake wil werk, hier volg die temas:

GRAAD 1-3	GRAAD 4-5	GRAAD 6-7
Maniere Droom jok	Spaar Kuns frans	Vrees Dink Dans

7 REËLINGS:

- Ons versoek u as ouers vriendelik om asb. toe te sien dat ons leerders nie met vreemde haarstyle terugkom skooltoe nie.
- Die skool heropen op Woensdag, 9 Januarie 2019 om 07:25. Die personeel sal vanaf Maandag, 7 Januarie 2019 by die skool beskikbaar wees.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF